Department of
**Health**

GOVERNMENT OF
WESTERN AUSTRALIA

# Goedgekeurde inligting vir ‘n persoon wat ‘n Eerste Versoek vir vrywillige bystanddood rig

# Goedgekeurde inligting vir ‘n persoon wat ‘n Eerste Versoek rig vir vrywillige bystanddood

Hierdie goedgekeurde inligting moet aan ‘n pasiënt voorsien word wat tydens ‘n mediese konsultasie ‘n formele Eerste Versoek vir toegang tot vrywillige bystanddood aan ‘n mediese praktisyn rig, in ooreenstemming met artikel 20(4)(b) van die Wet op Vrywillige Bystanddood (*Voluntary Assisted Dying Act 2019*). Waar gepas, kan hierdie inligting saam met ander inligting voorsien word.

Vrywillige bystanddood is een van verskeie keuses wat ‘n pasiënt aan die einde van hul lewe kan hê. ‘n Pasiënt moet bewus wees van al hul einde-van-lewe opsies, insluitend palliatiewe sorg.

Die Wes-Australiese Staatswye Sorgnavigatordiens vir Vrywillige Bystanddood (*Western Australian Voluntary Assisted Dying Statewide Care Navigator Service* (SWCNS)) is daar om pasiënte te ondersteun en vrae wat hulle oor vrywillige bystanddood mag hê, te antwoord. Besonderhede oor SWCNS en ander beskikbare ondersteuningsopsies is by hierdie inligting ingesluit.

SWCNS kan per e-pos en telefoon gekontak word gedurende normale kantoorure (8:30 vm. - 5:00 nm.).

**E-pos:** **VADcarenavigator@health.wa.gov.au**
**Tel.:** **(08) 9431 2755**

# Inligting oor vrywillige bystanddood

## Wat is vrywillige bystanddood?

Vrywillige bystanddood is 'n wettige proses wat 'n pasiënt in staat stel om toegang te verkry tot medikasie wat hul dood sal veroorsaak. Hierdie medikasie staan bekend as die vrywillige bystanddood-middel. Die pasiënt kan kies om die middel óf self te neem óf dit deur 'n mediese praktisyn of verpleegkundige te laat toedien op 'n tyd en plek van hul keuse.

Die term "vrywillige bystanddood" beklemtoon die vrywillige aard van die pasiënt se keuse en hul blywende vermoë om die besluit te neem. Die Wet op Vrywillige Bystanddood 2019 (die Wet) (*Voluntary Assisted Dying Act 2019*) is die wetgewing wat vrywillige bystanddood in Wes-Australië (WA) reguleer.

## Wie kom in aanmerking vir toegang tot vrywillige bystanddood?

### Ouderdom

Die persoon moet 'n volwassene wees (18 jaar of ouer).

### Inwoning

Die persoon moet 'n Australiese burger of permanente inwoner wees en moet, op die tydstip wat die Eerste Versoek gerig word, reeds vir ten minste 12 maande in WA normaalweg woonagtig gewees het.

### Mediese vereistes

Die persoon moet gediagnoseer wees met ten minste een siekte, siektetoestand of mediese toestand wat gevorderd is, progressief is en (op die oorwig van waarskynlikhede) binne ses maande die dood sal veroorsaak, of 12 maande indien dit 'n neurodegeneratiewe toestand is.

Die siekte, siektetoestand of mediese toestand moet lyding veroorsaak wat nie verlig kan word op 'n manier wat die persoon as verdraaglik ag nie.

### Besluitnemingsvermoë

Die persoon moet oor die vermoë beskik om die besluit vir vrywillige bystanddood te neem.

Dit beteken dat die persoon die vermoë moet hê om:

- enige inligting of raad oor vrywillige bystanddood wat aan hulle voorsien moet word, te verstaan
- die aangeleenthede wat betrokke is by 'n besluit vir vrywillige bystanddood te verstaan
- die gevolg van 'n besluit vir vrywillige bystanddood te verstaan
- hierdie faktore op te weeg om 'n besluit oor vrywillige bystanddood te neem
- die besluit op een of ander manier te kommunikeer.

### Vrywilligheid

Die persoon moet vrywillig en sonder dwang optree (met ander woorde: sonder geweld, invloed of oorreding deur 'n ander persoon).

### Blywende versoek

Die persoon se versoek moet blywend wees (voortduur oor 'n tydperk).

**Indien die persoon nie aan al die geskiktheidsvereistes voldoen nie, kan hulle nie toegang tot vrywillige bystanddood verkry nie.**

# Inligting oor die vrywillige bystanddood-proses

Die praktisyns betrokke by die vrywillige bystanddood-proses is opgelei om hul pasiënte te ondersteun. Mediese praktisyns moet aan sekere geskiktheidsvereistes voldoen en moet verpligte opleiding voltooi voordat hulle betrokke mag raak by die vrywillige bystanddood-proses. Indien ‘n verpleegkundige betrokke is, moet hierdie persoon ook aan sekere geskiktheidsvereistes voldoen en die verpligte opleiding voltooi het.

Om vrywillige bystanddood met ‘n mediese praktisyn of verpleegkundige te bespreek beteken nié dat die vrywillige bystanddood-proses begin is nie. Dít vereis dat ‘n pasiënt ‘n duidelike en ondubbelsinnige versoek rig vir toegang tot vrywillige bystanddood, wat ‘n Eerste Versoek (*“First Request”*) genoem word. Ooreenkomstig die Wet begin die proses met die Eerste Versoek.

Daar is tien stappe in die vrywillige bystanddood-proses. Stappe 1 tot 6 behels die versoek- en assesseringsproses. Stappe 7 tot 10 dek die toedieningsproses. Die pasiënt kan die proses op enige stadium stop.



## 1. Eerste Versoek

Die Eerste Versoek is ‘n versoek om vrywillige bystanddood wat tydens ‘n mediese konsultasie aan ‘n mediese praktisyn gerig word. Die pasiënt moet duidelik en ondubbelsinnig aan die mediese praktisyn te kenne gee dat hulle toegang tot vrywillige bystanddood wil hê.

Die mediese praktisyn sal besluit om die Eerste Versoek te aanvaar of te weier. Hulle kan weier omdat hulle nie met vrywillige bystanddood saamstem nie (hulle het ‘n gewetensbeswaar teen vrywillige bystanddood), of omdat hulle nie bevoeg of in staat is om die versoek te aanvaar nie. Maak nie saak of die mediese praktisyn die Eerste Versoek aanvaar of weier nie, hulle is verplig om inligting oor vrywillige bystanddood in WA aan die pasiënt te voorsien.

Indien Engels nie die pasiënt se eerste taal is nie of indien hulle kommunikasieprobleme ondervind, kan ‘n tolk of kommunikasiehulpmiddel gebruik word om die Eerste Versoek te rig. Indien die mediese konsultasie via die Telehealth digitale gesondheidsdiens plaasvind, moet dit met behulp van ‘n videokonferensie-toepassing geskied, sodat die mediese praktisyn die pasiënt kan sien en hoor en hul versoek kan bespreek.

## 2. Eerste Assessering

Sodra die mediese praktisyn die Eerste Versoek aanvaar, word hierdie praktisyn die pasiënt se Koördinerende Praktisyn. Hulle sal dan in hierdie rol die vrywillige bystanddood-proses vir die pasiënt koördineer. Die Koördinerende Praktisyn se eerste taak is om die pasiënt se geskiktheid vir vrywillige bystanddood formeel te assesseer, om seker te maak dat die pasiënt aan al die vereistes voldoen wat deur die Wet voorgeskryf word. Hierdie assessering word die Eerste Assessering genoem.

Indien die pasiënt nie met die uitslag van die Eerste Assessering saamstem nie, kan hulle versoek dat sommige assesseringsbesluite deur die Staatsadministrasietribunaal (SAT – *State Administrative Tribunal*) hersien word. Dit geld ook vir die Raadgewende Assessering en die Finale Hersiening.

## 3. Raadgewende Assessering

Indien die uitslag van die Eerste Assessering is dat die pasiënt in aanmerking kom vir vrywillige bystanddood, sal die Koördinerende Praktisyn hulle na 'n ander mediese praktisyn verwys vir assessering. Hierdie mediese praktisyn word die pasiënt se Raadgewende Praktisyn en sal onafhanklik oordeel of die pasiënt vir vrywillige bystanddood in aanmerking kom. Hierdie assessering word die Raadgewende Assessering genoem.

## 4. Skriftelike Verklaring

Indien beide die Koördinerende Praktisyn en die Raadgewende Praktisyn bepaal het dat die pasiënt in aanmerking kom vir vrywillige bystanddood, mag die pasiënt daarna 'n Skriftelike Verklaring in die teenwoordigheid van twee getuies aflê, waarin die pasiënt toegang tot vrywillige bystanddood versoek.

## 5. Finale Versoek

Indien die pasiënt 'n Skriftelike Verklaring afgelê het, mag hulle daarna 'n Finale Versoek vir toegang tot vrywillige bystanddood aan die Koördinerende Praktisyn rig. Die Finale Versoek mag nié voor die einde van die vasgestelde tydperk van nege dae, wat begin op die dag van die Eerste Versoek, gerig word nie.

Indien die Koördinerende Praktisyn en die Raadgewende Praktisyn glo dat die pasiënt voor die einde van die vasgestelde tydperk sal sterf of die vermoë sal verloor om besluite oor vrywillige bystanddood te neem, kan die pasiënt toegelaat word om vroeër toegang tot die vrywillige bystanddood-middel te kry.

Die Finale Versoek help om te verseker dat die pasiënt se besluit om toegang tot vrywillige bystanddood te kry, blywend is en nie verander het nie. Indien die pasiënt 'n geldige Finale Versoek rig, begin die Raadgewende Praktisyn daarna met die Finale Hersieningsproses.

## 6. Finale Hersiening

Die Finale Hersiening vereis dat die Raadgewende Praktisyn kontroleer of die versoek- en assesseringsproses ooreenkomstig die Wet afgehandel is. Dit beteken dat die Raadgewende Praktisyn seker moet maak dat die pasiënt steeds oor die besluitnemingsvermoë beskik om 'n besluit te neem oor vrywillige bystanddood, dat hulle vrywillig en sonder dwang optree en steeds toegang tot vrywillige bystanddood wil hê.

**Dit is belangrik om in gedagte te hou dat die pasiënt die vrywillige bystanddood-proses te eniger tyd kan stop. Die pasiënt is onder geen verpligting om voort te gaan nie, selfs nie nadat die versoek- en assesseringsproses voltooi is nie.**

## 7. Toedieningsbesluit

Die pasiënt sal met behulp van die Koördinerende Praktisyn moet besluit of hulle die vrywillige bystanddood-middel self sal toedien (dit self inneem) en of 'n Toedieningspraktisyn dit aan hulle moet toedien, indien vanpas. Die Toedieningspraktisyn sal gewoonlik die Koördinerende Praktisyn wees. In sommige gevalle kan 'n ander bevoegde mediese praktisyn of verpleegkundige intree om die pasiënt se Toedieningspraktisyn te wees.

Indien die pasiënt besluit om die vrywillige bystanddood-middel self toe te dien, moet hulle 'n Kontakpersoon aanstel voordat die Koördinerende Praktisyn die vrywillige bystanddood-middel kan voorskryf.

## 8. Voorskrif

Die Koördinerende Praktisyn sal die vrywillige bystanddood-middel voorskryf. Hulle word vereis om aan die pasiënt sekere inligting oor die middel te gee voordat hulle die vrywillige bystanddood-middel voorskryf.

Anders as in die geval van die meeste ander medisyne, sal die voorskrif nie aan die pasiënt self gegee word nie. In plaas daarvan sal die Koördinerende Praktisyn dit direk aan die Gemagtigde Verskaffer by die Wes-Australiese Staatswye Aptekerdiens vir Vrywillige Bystanddood (*Western Australian Voluntary Assisted Dying Statewide Pharmacy Service* (SWPS)) gee.

## 9. Verskaffing en gebruik van die vrywillige bystanddood-middel

Die vrywillige bystanddood-middel mag nie deur die Gemagtigde Verskaffer by SWPS verskaf word voordat die voorskrif van die Koördinerende Praktisyn ontvang en bevestig is nie.

Indien die pasiënt besluit het om die middel self toe te dien, mag die Gemagtigde Verskaffer die vrywillige bystanddood-middel direk aan die pasiënt of hulle Kontakpersoon verskaf, of aan iemand anders wat die middel namens die pasiënt mag afhaal. Geskrewe inligting oor die vrywillige bystanddood-middel (insluitend instruksies vir berging en

gebruik) sal deur die Gemagtigde Verskaffer voorsien word en aan die persoon wat die middel afhaal, gegee word.

Indien die pasiënt besluit het om die vrywillige bystanddood-middel te laat toedien deur ‘n mediese praktisyn of verpleegkundige (bekend as die Toedieningspraktisyn), sal die Gemagtigde Verskaffer die middel direk aan die Toedieningspraktisyn verskaf (wat verantwoordelikheid vir die middel sal aanvaar totdat dit gebruik word).

### 10. Doodsertifisering

Die Wet vereis dat daar geen verwysing na vrywillige bystanddood op die pasiënt se doodsertifikaat mag wees nie. Dit is ten einde die pasiënt (en moontlik ook hul gesin) se privaatheid te respekteer en te beskerm. Die mediese praktisyn wat die pasiënt se dood bevestig en sertifiseer, sal die onderliggende siekte of mediese toestand as die oorsaak van dood aanmeld.

# Inligting na ‘n Eerste Versoek

## Mediese praktisyn se besluit

Aangesien u ‘n Eerste Versoek aan ‘n mediese praktisyn gerig het, moet hulle besluit of hulle u versoek sal aanvaar of nie. Maak nie saak of die mediese praktisyn u versoek aanvaar of weier nie, hulle moet hierdie inligtingsboekie aan u gee.

Indien die mediese praktisyn nie saamstem met vrywillige bystanddood nie (‘n gewetensbeswaar daarteen het), moet hulle u Eerste Versoek **onmiddellik** weier en u in kennis stel dat hulle u nie sal kan help om toegang tot vrywillige bystanddood te kry nie.

Indien die mediese praktisyn nié ‘n gewetensbeswaar teen vrywillige bystanddood het nie, moet hulle u binne twee werksdae nadat u die Eerste Versoek gerig het in kennis stel of hulle u versoek weier of aanvaar. Nie alle mediese praktisyns sal ‘n Eerste Versoek vir vrywillige bystanddood kan aanvaar nie. Hulle voldoen miskien nie aan die geskiktheidsvereistes waaraan ‘n praktisyn onderhewig is nie (hulle is byvoorbeeld nie lank genoeg ‘n mediese praktisyn nie), of hulle het moontlik ‘n ander rede vir weiering (hulle is byvoorbeeld nie beskikbaar nie).

## Wat gebeur volgende?

Indien die mediese praktisyn u Eerste Versoek aanvaar het, word hulle u Koördinerende Praktisyn. As u Koördinerende Praktisyn sal hulle met die assesseringsproses begin om te bevestig dat u in aanmerking kom vir toegang tot vrywillige bystanddood.

Indien die mediese praktisyn u Eerste Versoek geweier het, is dit u eie besluit wat daarna gaan gebeur. U kan kies om 'n Eerste Versoek aan 'n ander mediese praktisyn te rig.

## Watter inligting en ondersteuningsopsies is beskikbaar?

Die Wes-Australiese Staatswye Sorgnavigatordiens vir Vrywillige Bystanddood (*Western Australian Voluntary Assisted Dying Statewide Care Navigator Service* (SWCNS)) is daar om u te ondersteun, inligting te gee en u vrae te beantwoord. Die diens word gelei deur verpleegkundiges en die personeel is Sorgnavigators, wat ervare gesondheidswerkers is wat vertroud is met die wetlike en praktiese aspekte van vrywillige bystanddood in WA.

Die Sorgnavigators kan:

- algemene inligting oor vrywillige bystanddood voorsien
- spesifieke inligting oor die vrywillige bystanddood-proses in WA voorsien
- help om 'n mediese praktisyn of verpleegkundige te vind wat bereid en bevoeg is om deel te wees van die proses
- bepaal of u in aanmerking kom vir toegang tot ondersteuningspakkette in u streek
- u verwys na ander nuttige hulpbronne.

SWCNS kan per e-pos en telefoon gekontak word gedurende normale kantoorure (8:30 vm. - 5:00 nm.).

**E-pos:** VADcarenavigator@health.wa.gov.au
**Tel.:** **(08) 9431 2755**

Verdere inligting oor vrywillige bystanddood is aanlyn beskikbaar by die Wes-Australiese Gesondheidsdepartement.

**Webwerf:** ww2.health.wa.gov.au/voluntaryassisteddying

Afhangend van u situasie, is daar ander dienste wat vir u tot hulp kan wees:

Palliative Care WA kan aan u ondersteuning bied vir en inligting voorsien oor einde-van-lewe beplanning, palliatiewe sorg, rou en verlies; hulle kan u ook help om diensverskaffers van palliatiewe sorg in u omgewing te vind deur middel van hul aanlynsoekgids, of skakel hulle Inligting- en Ondersteuningslyn vir Palliatiewe Sorg.

**Webwerf:** www.palliativecarewa.asn.au
**Tel.:** **1800 573 299** (9:00 vm. – 5:00 nm., 7 dae per week)

Beyond Blue kan ondersteuning bied vir geestesgesondheid en welstand, veral indien u angs of depressie ervaar.

**Webwerf:** www.beyondblue.org.au
**Tel.:** **1300 224 636** (enige tyd van die dag of nag)

Lifeline kan krisisondersteuning bied indien u onmiddellik hulp nodig het om emosionele nood te hanteer.

**Webwerf:** www.lifeline.org.au
**Tel.:** **13 11 14** (enige tyd van die dag of nag)

## Wat gebeur met my persoonlike inligting?

Die Raad vir Vrywillige Bystanddood is 'n statutêre liggaam wat gestig is om nakoming van die *Wet op vrywillige bystanddood 2019* te verseker en om aanbevelings te maak ten opsigte van veiligheids- en kwaliteitsverbeterings. Die Raad is daartoe verbind om die privaatheid van alle individue wat vrywillige bystanddood in Wes-Australië versoek of toegang daartoe verkry, te beskerm. Verdere inligting oor hoe u persoonlike inligting hanteer word, kan verkry word van die feiteblad *"Information for patients about their data" (Inligting vir pasiënte oor hul data)*, wat beskikbaar is op die webwerf van die Raad vir Vrywillige Bystanddood: www.health.wa.gov.au/voluntaryassisteddyingboard (onder die afdeling getiteld "Functions of the Board" - Funksies van die Raad).

## Terugvoer oor die vrywillige bystanddood-proses

Mense wat betrokke is by die vrywillige bystanddood-proses (bv. pasiënt, familie, praktisyn) mag dalk hulle persoonlike ervaring of terugvoer oor daardie proses met die Raad op Vrywillige Bystanddood wil deel. Dit kan hulle doen deur 'n *"Personal Reflections"-vorm (persoonlike gedagtes-vorm)* in te vul.

Hierdie vorm is beskikbaar op die webwerf van die Raad vir Vrywillige Bystanddood: www.health.wa.gov.au/voluntaryassisteddyingboard (onder die afdeling getiteld "Functions of the Board"). U kan die vorm ook aanvra by die SWCNS, of by u Koördinerende of Raadgewende Praktisyn.

U kan 'n *Personal Reflections-vorm* gedurende enige stadium van die vrywillige bystanddood-proses voltooi.

## Klaginligting

Indien u bekommernisse het oor u ervaring van die vrywillige bystanddood-proses, moet u dit eers bespreek met die betrokke persoon, diensverskaffer of agentskap (wat 'n klagproses behoort te hê wat u kan volg).

U kan 'n klag indien by die Klagkantoor vir Gesondheids- en Gestremdheidsdienste (*Health and Disability Services Complaint Office* (HaDSCO)) oor individue of organisasies wat gesondheids-, gestremdheids- of geestesgesondheidsdienste lewer. Verdere inligting is beskikbaar op HaDSCO se webwerf (www.hadsco.wa.gov.au).

U kan by die Australiese Gesondheidspraktisyn Reguleringsagentskap (*Australian Health Practitioner Regulation Agency* (AHPRA)) u kommer uitspreek oor die gedrag of pligsvervulling van 'n geregistreerde gesondheidspraktisyn. Verdere inligting is beskikbaar op AHPRA se webwerf (www.ahpra.gov.au).

U kan u kommer uitspreek by die Raad vir Vrywillige Bystanddood (*Voluntary Assisted Dying Board*) oor 'n gesondheidspraktisyn wat nie aan die vereistes van die Wet voldoen nie. Verdere inligting is beskikbaar op die webwerf van die Raad vir Vrywillige Bystanddood (ww2.health.wa.gov.au/voluntaryassisteddyingboard).

Hierdie dokument kan op versoek in alternatiewe formate beskikbaar gestel word vir ‘n persoon met ‘n gestremdheid.

Uitgegee deur Health Networks
© Department of Health 2022

Kopiereg op hierdie materiaal berus by die Staat Wes-Australië, tensy anders aangedui. Afgesien van enige billike omgang met die oog op privaatstudie, navorsing, kritiek of hersiening – soos toegelaat onder die bepalings van die Wet op Outeursreg (*Copyright Act 1968*) – mag geen deel sonder skriftelike toestemming van die Staat Wes-Australië vir enige doeleindes gereproduseer of hergebruik word nie.

HEN-013975 JAN’22